WES-KAAPSE BYEBEDRYFS-VERENIGING WKB WCB **WESTERN CAPE BEE INDUSTRY ASSOCIATION**

Capensis

Junie / June 2014

Ons stuur hierdie nuusbrief uit aan alle byeboere en rolspelers in die Byebedryf in die Wes-Kaap aangesien ons 'n paar nuwighede met u wil deel. Een daarvan is 'n eie webtuiste vir WKBV wat so pas die lig gesien het --- gaan kyk gerus !

We also would like to urge you to join our Association to make us even stronger. Our membership has increased well over the past two years and we invite you to be part of it.

For the Capensis to be effective we ask all members to send us clippings and/or interesting articles to info@wkbv.co.za .

En u hoef nie noodwendig saam te stem met alles wat ons hierin publiseer nie. Lug u mening, lewer kommentaar en bied alternatiewe aan vir publikasie --- ons het dit alles nodig om 'n sterker Bedryf te verseker !

COMMITTEE MEMBERS 2014/15

The 2014 AGM was held at the professional venue of the Bee Section, ARC, Stellenbosch on 10 May 2014 and drew more than 25 attendees. The following members were elected and confirmed to serve for the next year:

Lynette Barnes, Dawid Smit, Nico Langenhoven, Danie Vorster, EM Langenhoven, Brendan Ashley-Cooper, Johan van As and Helena van der Westhuizen.
Pieter Theron stepped down for a well deserved rest after many years of service on the committee.

The office bearers elected at the first committee meeting were Lynette as chairperson, Nico as vice-chairman and Dawid as secretary & treasurer.

VOORSITTERSVERSLAG

" As in the last few years, It is an honour to submit my Chairman's report to the members and to express my thanks to the committee and to everyone who contributed throughout the year. The 2013/14 season has been an eventful and interesting one.

I extend a warm welcome to all members and a similar welcome is extended to guests and visitors. My wish is that this will be a fruitful meeting.

Die volgende vergaderings is gehou:

ALGEMENE JAARVERGADERING	1
Bestuursvergaderings	5
Velddae	3
Uitstallings, Bien Donne	1
Heuningfees Swellendam	1

WRITTEN PUBLICATION:

Capensis	3
Newsletters – Hortgro	1

(Information regarding pollination to Fruit Growers)
Various articles in local News Papers by Beekeepers in areas.

Bestuur is bewus van verskeie lede wat by verskillende uitstallings teenwoordig is en ook op die manier hul kennis aan die wye plubiek oordra. Dankie vir elkeen se bydrae in die verband.

Bestuur sowel as etlike lede van WKBV het die baie suksesvolle Beecon 2013 te Swellendam bygewoon. Die Bestuur en lede van SABIO word met die reëlings daarvan gelukgewens. WKBV se jaarlikse Heuningfees het deel gevorm van "The Big B Festival" wat belangstelling uit verskeie oorde ontlok het.

NELSON DE LA QUERRA van KLAPMUTSKOP BYEBOERDERY het met die Nasionale trofee "BYEBOER VAN DIE JAAR" weggestap en ons wil hom graag langs hierdie weg daarmee gelukwens.

WCBA also recognises other Beekeepers from the Province who received trophies/certificates.and who are not necessarily members of our Association.

Lede wat gereeld bydraes vir die Byejoernaal publiseer en in die algemeen waarde toevoeg tot die SA Bye-industrie word ook hiermee bedank. Weer eens is dit nie slegs lede van die bestuur nie, maar ook ander lede van die WKBV van wie daar gereeld artikels in die SABIO Byejoernaal verskyn.

HEUNINGPRODUKSIE:

SANDVELD

Oeste in hierdie gebied tydens September en Oktober 2013, was swakker as tydens vorige jaar en word toegeskryf aan die koue winter wat laas in 1994 soveel koue en reën in die streek ondervind het. Oeste is egter beter vanaf Januarie by die Sandduinbos. Wolfdoring en Slaaibos, Goibos en blombos blom tans goudgeel en oeste word nog tot in Junie verwag weens goeie reën wat nou in Maart geval het.
Volgens byeboere uit die omgewing is die toestand van die bye goed en gesond.

CITRUSDAL, CLANWILLIAM

Verskillende byeboere van die omgewing rapporteer helfte minder lemoenheuningoes as die vorige rapporteringseisoen wat veral te wyte is aan 2 weke in Oktober se baie reën. 'n Ander mening en wat 'n groot faktor is, is die oorbevolking van korwe in die gebied weens die gewildheid van die tipe heuning. Alhoewel hierdie nie eintlik 'n fynbosstreek is nie, was die fynbos heuningoes wel beter as die vorige seisoen. Die toestand van die bye in die gebied: Swerms groot en sterk.

WESKUS

Weens koue en winterreën wat langer aangehou het, was min of geen vroeë lenteheunings geoes nie. Die boegoe en veral die donker tipes – Groen en kastrol het 'n maand agter geraak (vreemde name) in die Renosterveld. Ander rapporte uit die omgewing ontvang, is dat die fynbosoes gemiddeld 20% minder was as verlede jaar.

BOLAND

Oor die algemeen swakker as verlede seisoen. Gedurende Desember, Januarie en Februarie was die bloekomoes ondergemiddeld, veral die rivier en bergrivier-bloekoms in Philidelphia area. Oeste vanaf die Sugergum was egter normaal en oos vanaf Wellington en Overberg se rigting het dit goed gegaan. Klawer het redelike oeste opgelewer, maar Swartland het 'n laer tot ondergemiddelde oes teenoor vorige jaar opgelewer. Een mening is ook uitgespreek dat byeboere wat nie bestuiwing gedoen het nie, 'n redelike lenteoes gehad het.

ROBERTSON, WORCESTER, CERES

'n Bietjie teleurstellend teenoor vorige heuningoes. Bloekoms het vroeër opgehou blom as verwag, maar vorige jaar het die streek 'n rekordoes gehad wat dit dus moeilik sou maak om te ewenaar.

OVERBERG EN OUDTSHOORN

In die Overberg-Ruens Gebied was die wilde lusern goed, maar in Stanfordarea was die bloekoms swakker. Vanaf Oudtshoorn word gerapporteer dat die lusernsaad beslis swakker oes as vorige jaar opgelewer het met reën wat 'n groot uitwerking gehad en veroorsaak het dat die plant platgeval en geroes het. Uiesaad en veldblomme het 'n beter opbrengs gelewer. Tans lyk die veld baie mooi en bye gesond en aggressief.

Erkenning aan Frans van der Westhuizen, Nico Langenhoven, Michael Mc Intyre, Dawid Smit, Jan, Herman en Vincent De La Querra, Pierre en Helena van der Westhuizen en Danie Vorster.

IMPORTED HONEY

Honey are still being imported from other countries and currently two African countries, Tanzania and Zambia are on the list for discussion. SABIO have until 16 May 2014 to respond. If approved they will be able to bring in honey in any size sealed container.

As mentioned before, we will have to counteract through different strategies, promotion of Western Cape and South African honey, we should have more Honey festivals, 'promotional plans', aggressive conscious driven programs, etc. The WCBA LABEL is still available and even though it is a drop in the ocean, it do make a difference to the consumer who is serious about South African Products.

Volgens ooreenkoms, word die lede wat van die plakker gebruik maak op die AJV bedank en wil ek graag die volgende lede wat gereeld aanvra, noem: Cloete du Preez., Magda Hoon, Q-Bee,Honey Farmers, Van Eden, De Freitas van Zoom Zoom, Pieter Theron, Die Heuningfabriek, JW's Bye en Deon Zeelie. Ons hoop van harte dat dit 'n positiewe bydrae tot jul heuningverkope het.

BESTUIWING:

Soos op vorige Algemene Jaarvergadering besluit, het die WKBV 'n inspeksiediens op die been gebring. Die besluit was geneem na aanleiding van verskeie versoeke en navrae ontvang van beide byeboere sowel as vrugteboere. Die kriteria waaraan sodanige inspekteur moes voldoen is opgestel, vraestelle voltooi en deur 'n eksamenator nagesien.

Die diens is daarna aan byeboere en produsente voorgestel. Die diens is ook deur Hortgro deur middel van hul nuusbrief aan vrugte, groente en saadboere oorgedra.

Die boodskap is ongetwyfeld deurgedra en hoewel slegs een inspeksie aangevra is, het die instelling daarvan sy doel gedien en beskou ons dit as 'n veer in die hoed vir die WKBV. Bestuiwingsboere het deeglik kennis geneem van die standaarde daargestel en hoewel nog nie 100%, streef ons daarna.

ANDER BESTUIWINGS INISIATIEWE

Gedurende Julie 2013 is 'n uiesaadvergadering in Oudtshoorn toegespreek sowel as 'n Boereverening in Seweweekspoort bygewoon waar die konsep van behoorlike Bestuiwingsdiens oorgedra is.

Another activity in which WCBA has been involved in and currently busy with is the intended removal of Eucalyptus where a letter has been drafted to The Department of Environmental Affairs. Our concerns regarding sufficient forage, the value of the Eucalyptus trees not only for the Honeybees but also for Agriculture, alternative forage, etc. were raised. The department acknowledged receipt of the letter and promised a meeting before end of May 2014. Copy of letter is attached to this report.

In my previous report in 2013, the concern of Mike Allsopp, (researcher) that no regulation regarding AFB has been passed in Government and no progress shown in inspection which would have been passed in May 2013 was raised. At that time, at least 1 in 20 samples showed symptoms of AFB. MIKE ALLSOPP WILL GIVE US MORE INFORMATION DURING HIS ADDRESS.

A GRAVE CONCERN FOR ME AS THE CHAIR-PERSON OF WCBA is the constant rousing of suspicion by one or two persons against the WCBA and board members, spreading insinuations towards the Association, using public chat groups.

THE WCBA is a dignified Association and I want to make it clear that we will not lower our standards AND get into public mud throwing. However, I also want to make it clear that we will not allow it to continue and that persons with short memories who make themselves guilty of Crimen Injuria and Deformation of Character will be brought to book. Being the dignified association we claim to be, we at first decided to ignore these insinuations, but

decided to take some drastic steps after concerned members who acknowledge the good work AND WHO realize the threat of harming the industry urged us to act.

There are much bigger threats for us to address than spending our valuable time on childish issues. The only way forward is to act as a united front, AND follow a strategic plan to address issues AND threats like AFB, CCD with other important role players. We cannot do it on our own !!! We must realize that !!!

Ek wil graag my komitee-lede van die afgelope jare bedank. Weer eens dankie vir jul lojaliteit en bereidwilligheid om met take te help en die verantwoordelikheid te neem.

Nico Langenhoven – Dankie dat jy altyd bereid is om jou wysheid (maar nie altyd alles nie) te deel. Hy het behalwe vir die organisering van die heuningfees, ook informele opleiding op Saterdae begin verskaf. Dankie Marie ook vir jou bydraes.

Dawid Smit –
Pieter Theron, -
Danie Vorster –,
E.M. Langenhoven

Ek hoop dat jul almal weer verkiesbaar is en wanneer nuwe bestuurslede vandag verkies word, wil ek u aanmoedig om WYSE besluite te neem.

Dankie vir almal se bydraes.

Again, like in the past you have kept me on my toes and kept the Western Cape Bee Industry alive and well.

HANDLE YOUR VALUABLES WITH CARE AND DO GOOD BY DOING WELL.
(The Wisdom of Bees by Michael O'Malley)

Ek dank u.

LYNETTE BARNES 2014 "

BESTUIWING 2014

Die riglyn-tarief vir 'n volledig-gelewerde bestuiwings-diens is deur die AJV vasgestel as R536 (BTW uitgesluit) per korf per bestuiwing per kutivar-spesifieke boord. Dit is sowat 6% meer as verlede jaar.

IS ONS BYE ONDER BEDREIGING ?

Dr Hannelie Human, University of Pretoria

Danksy wye mediadekking oor die wêreldwye afname van heuningbykolonies, is daar tans 'n veel groter bewustheid oor die belangrikheid van bye vir die mens en ons omgewing. Navorsing dui daarop dat daar nie 'n enkele oorsaak vir hierdie verliese is nie, maar dat 'n kombinasie van faktore soos voeding, siektes (bv. virusse), peste (veral Varroa-myte) en die verhoogde gebruik van oa insekdoders 'n rol kan speel.

Ten spyte van die feit dat feitlik al die siektes en plae in Suid-Afrika voorkom, met 'n paar van ons eie unieke probleme soos oa die Capensis-parasietprobleem in die somerreënvalstreek, wil dit lyk asof ons bye in staat is om hierdie probleme te hanteer. 'n Onlangse studie/opname deur die Universiteit van Pretoria dui egter daaop dat byeverliese in Suid-Afrika dieselfde en selfs groter is as elders in die wêreld. Reeds in 2009/10 was die totale verliese so hoog as 30%, wat so hoog is as in Amerika en Europa, en dit het toegeneem na 46% in 2011/12.

Byeboere wat met hul kolonies rondtrek, het groter verliese gelei as diegene wie se bye nie rondgeskuif word nie, en die boere wat Apis mellifera scutellata bye gebruik vir bestuiwing, het amper dubbel soveel bye verloor. In die somerreënvalgebied kan verliese grootliks toegeskryf word aan die Capensis-probleem wat na al die jare nog steeds nie opgelos is nie. Ander redes wat bygedra het tot hierdie verliese sluit in die klein korfkewer, afswerming, Varroa en kalkbroed.

Dit is my opinie dat die groter verliese in Suid-Afrika as 'n waarskuwing gesien moet word vir die volhoubaarheid van die Bedryf en hierdie verliese kan 'n ernstige bedreiging inhou vir ons Bye-industrie. Byeboere en almal betrokke in die industrie kan en moet 'n betekenisvolle bydrae lewer.

HEUNINGFEES 2015

Die nuwe WKBV-bestuur het op sy eerste vergadering van 13 Mei 2014 besluit om moontlik weer 'n heuningfees in 2015 aan te bied. Die datum en plek sal vroeg in 2015 bekend gemaak word.

Byebenutters en byeboere word nou reeds gevra om heuningmonsters bymekaar te maak van enige soort heuning wat hulle vanaf datum sal oes. 6 Flessies per soort is voldoende. Daar word nie beoog om die tradisionele skoureëls toe te pas soos ons dit geken het tydens die ou Goodwood-skou dae nie. Ons hoop om 'n paneel van fynproewers en onder andere kosredakteurs van 'n paar bekende tydskrifte te kry om die heuning te proe en op enige wyse te takseer soos hulle goeddink. Die uitslag sal hopelik in hul tydskrifte gepubliseer word.

Kom ons maak dit 'n spanpoging. Die doel is om heuning as 'n unieke voedsel te bevorder en nie om te kyk wie produseer die beste heuning nie. Dit is belangrik dat elke besending (6 flessies) vooraf 'n kode toegeken word. Op die meegaande dokument sal die "vertoner" moet aandui watter soort heuning dit is, die area waar dit ge-oes is en die datum waarop dit ge-oes is. Die heuning moet deur die normale bewerkingsproses gaan soos elkeen dit normaalweg doen. Moenie bekommerd wees as die heuning intussen versuiker nie. Daar sal op 'n sentrale punt gesorg word dat heuning voor die proe-sessie weer vloeibaar is.

Ons hou julle op hoogte van die vordering hiermee.

Helena van der Westhuizen en Nico Langenhoven.

.....

Hierdie jaar se ledekaarte word eersdaags gedruk --- reageer asb onverwyld met die hernuwing van u lidmaatskap as u nie hierdie bus wil verpas nie ...

Members will be allowed free of charge to advertise their businesses, products and/or services on our brand new website --- so much more reason to become one if not already ! Have a look and send us your applicable details ...

Please also note our new telephone number hereunder ...

Regards / Groete

Lynette (021 865 2050)